# HOËRSKOOL ALBERTON

# BELEID OOR BOELIEGEDRAG

## A. INLEIDEND:

Boeliery is ‘n samelewingstendens wat in alle skoolgemeenskappe voorkom.
Om geboelie te word is een van die mees algemene vorms van geweld waaraan kinders blootgestel word en heel dikwels gebeur dit op die skoolterrein.
Om te boelie is ‘n onaanvaarbare vorm van sosiale gedrag wat verreikende gevolge inhou vir die afknouer sowel as die slagoffer.

Die leerder wat geboelie word, word van sy reg ontneem om ***beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik en degradering.*** (Handves vir menseregte. RSA 1996) Artikel 10 van die Handves vir Menseregte sê verder dat elke persoon menswaardig is en die reg het om gerespekteer en beskerm te word.

Hoërskool Alberton aanvaar die uitdaging om , in vennootskap met die ouergemeenskap, toe te sien dat leerders, sover moontlik, in ‘n vrye en veilige omgewing skoolgaan.

## B. OMSKRYWING VAN BOELIEGEDRAG:

Boeliegedrag behels die fisiese, mondelinge en/of emosionele afknouery deur een leerder of groep leerders teenoor ‘n ander leerder of groep leerders. Om te boelie is ‘n doelbewuste en skadelike vorm van aggressiewe gedrag wat dikwels gekenmerk word deur die misbruik van gesag/mag. Boeliegedrag vind dikwels herhaaldelik en konsekwent plaas oor ‘n periode van tyd.

- Boeliery kan voorkom op die skoolterrein, tussen die huis en die skool, by sosiale- en sportgeleenthede asook deur telefoniese of elektroniese kontak.

- Boeliegedrag kan varieer van:
  - direkte tot indirekte teistering;
  - subtiele irritasie tot openlike belediging en/of aanranding;
  - bietjie pret hê tot botsing met die gereg.

- Leerders wat boelie tree dikwels op vanuit ‘n magsbasis wat verkry word deur fisiese grootte en /of krag, ouderdom, status binne die portuurgroep, asook ‘n sosiale of intellektuele voorsprong.

## C. GEDRAG KENMERKEND VAN BOELIERY :

1 **Fisiese boeliery** kan insluit: rondstoot, slaan, stamp, skop , byt, spoeg, haretrek, iemand se arm draai, stoel wegruk, pluk aan klere, die wegsteek en /of beskadiging van eiendom, asook onvanpaste aanraking met seksuele ondertoon.

2 **Verbale boeliery** kan insluit: name noem, vloek, kwetsende opmerkings, spottery, dreigemente, kwaadwillige verspreiding van gerugte of skinderstories.

3 **Emosionele afknouery**
- Die doelbewuste uitsluiting van iemand uit ‘n sosiale kring/groepaktiwiteite.
- Verwerping/ignorering
- Aanhoudende agtervolging (‘stalking”)
- intimiderende en negatiewe lyftaal/ “vuil uitkyk”

4 **Afknouery en intimidasie deur middel selfone**:
Intimiderende teksboodskappe of stemboodskappe asook die kwaadwillige neem van selfoonfoto’s en die verspreiding van selfoonfoto’s.

## D. IMPAK VAN BOELIERY OP KINDERS:

Die leerders wat geboelie word voel dikwels magteloos. Wanneer ‘n kind gereeld geboelie word , word gevoelens van minderwaardigheid en vernedering ervaar. So ‘n kind voel dikwels vasgekeer en vreesbevange. Boeliery lei tot verlies aan selfvertroue en in sommige gevalle tot sielkundige probleme soos skoolfobie, geweld en selfs selfmoord. Ook die leerder wat op gereelde basis ander kinders boelie, se ontwikkeling word negatief beïnvloed. Boelies loop die gevaar om in blywende antisosiale gedragspatrone te verval as gevolg van die kombinasie van mag en aggressie . Daar is geen wenner as dit by ‘n geboeliery kom nie.

## E. DOEL VAN ‘N BOELIEBELEID

1 ‘n Doelgerigte poging deur die skoolgemeenskap van Hoërskool Alberton (leerders, personeel, ouers en beheerliggaam) om boeliery te stuit .
2 Houdings- en gedragsverandering ten opsigte van boeliery.
3 Die vestiging van waardes soos wedersydse respek en die aanleer van vaardighede soos effektiewe kommunikasie en konstruktiewe probleemoplossing .
4 Die geleentheid tot hulp vir al die partye betrokke by boeliery.

## F. HOËRSKOOL ALBERTON SE STANDPUNT TEN OPSIGTE VAN BOELIERY:

- Boeliegedrag is onaanvaarbaar en word nie geduld nie.
- Leerders word aangemoedig om insidente van boeliery aan te meld by hul voogonderwyser of enige ander personeellid wat hulle vertrou.
- Ouers van leerders kan insidente van boeliery namens hul kinders by die skool aanmeld.
- Leerders behoort insidente van boeliery waarvan hulle bewus is, aan te meld.
- Insidente van boeliery wat by die personeel aangemeld word, word volgens ‘n spesifieke prosedure ondersoek wat intern bepaal word.
- Personeel by wie insidente van boeliery aangemeld word, is eties verbind om die saak verder te voer.
- Insidente word in die vorm van verslae gedokumenteer.
- Die ondersoek van sodanige sake word as ‘n interne skoolaangeleentheid beskou.
- Daar word met boelies gehandel volgens die skool se dissiplinêre stelsel.
- Partye betrokke by boeliery, het toegang tot gratis professionele berading.
- Daar word met die betrokke partye ‘n intervensiestrategie gevolg afhangende van die situasie. Sodanige intervensie kan insluit verpligte nauurse inskakeling by ‘n program met die oog op die aanleer van sosiale- en lewensvaardighede.
- Die skool onderneem om die beleid jaarliks te hersien en aan te pas indien nodig.

---
MNR H J SCHOEMAN
HOOF

---
MNR C BOTHA
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER